NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2024

VRAAG 1 VERSOENINGS

Verwys na die inligting aangaande Kalideck.

Hierdie vraag bestaan uit twee dele, Deel A en Deel B.

Deel A: Debiteure

1.1 Stel die ouderdomsontleding op 31 Oktober 2024 op deur die staat wat voorsien word, te gebruik. Toon al jou berekeninge sodat punte gedeeltelik toegeken kan word.

120+ dae	90+ dae	60+ dae	30+ dae	Huidig
320 000 (280 000) (40 000)	176 500 (78 000) (23 525) (21 250) 21 250 (23 375)	2 125		128 500
Moenie bereken nie				

1.2 Bereken op grond van die kredietbepalings wat voorsien word, die rentebedrag wat op hierdie staat gehef moet word. Verduidelik ook waarom die berekende bedrag in die "Huidig"-kolom van die debiteure-ouderdomsontleding vertoon sal word.

51 600 ☑Beide × 12% × 1/12 = 516
Waarom word dit in die "Huidig"-kolom vertoon?
In Oktober/maand van staat bereken, aangesien dit eers in Oktober verskuldig word.

1.3 Die ouditeur wil kredietnota 83 in Augustus 2024 verifieer en skakel Eksamen-vraesteldrukkers (EVD) direk om vir bewyse te vra. Waarom sal die ouditeur eerder dit doen ter verifikasie as om net die Kalideck-boekhouer te vra?

Verifikasie deur buite-/eksterne bron meer betroubaar.
Boekhouer kan verkeerd wees/bedrog pleeg en daaroor jok.

IEB Copyright © 2024

1.4 Verwys na die transaksies op 12 en 26 Augustus en die meegaande nota.

Verduidelik waarom die inskrywing vir die administratiewe boete as toelaatbaar of voldoende (wettig), maar oneties beskou kan word.

Toe EVD hul rekening by Kalideck geopen het, sou die kredietbepalings aan hulle voorgelê gewees het en hulle het dit aanvaar. Dus is dit wettig vir Kalideck om die boete te hef.
Die betaling in die verkeerde rekening was 'n fout.
Om 'n boete te hef vir hierdie fout sonder om hulle die geleentheid te gee om dit reg te stel kan as oneties beskou word.

1.5 Kalideck het die steeds stygende brandstofpryse as 'n uitdaging vir die onderneming geïdentifiseer wanneer verkope by hul klante afgelewer word.

Aangesien hulle nie die brandstofprys kan beheer nie, moet hulle:
(a) óf hul pryse verhoog om vir hierdie styging te vergoed
(b) óf dit aan hul klante deurgee (klante betaal vir aflewering).

Verduidelik watter een van hierdie twee opsies die onderneming oor die lang termyn meer sal baat in vergelyking met die ander opsie.

Afleweringsfooi aangesien die verkoopsprys dieselfde bly en die klant betaal vir die diens om goedere te laat aflewer. Verhoging van die prys van goedere kan tot 'n verlies van klante lei, omdat die winkel nou duurder lyk. **OF**
Verhoging van hul prys sal geneutraliseer word deur 'n afleweringsuitgawe-lynitem.
2 punte = verduidelik keuse goed en vergelyk met ander opsie 1 punt = gemiddelde verduideliking of vergelyk nie met ander opsie nie 0 punte = geen logiese verduideliking van keuse nie

IEB Copyright © 2024

Deel B: Krediteure

1.6 Voltooi die Krediteureversoening vir Oktober 2024 deur die tabel hieronder te gebruik.

Besonderhede en berekeninge	Krediteure-grootboek	Krediteure-versoening	Geen inskrywing nie (X)
Saldo	1 460 795	1 565 835	
(a)	(904 000)	(904 000)	
(b) 10 800 × 2		(21 600)	
(c)		(114 640)	
(d)			X
(e) 390 000 × 8%	(31 200)		
	Moenie bereken nie		

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING [45 punte; 54 minute]

Verwys na die inligting aangaande Sasol Group Limited.

2.1 2.1.1 Bereken die persentasieverandering in koste van verkope van 2022 tot 2023.

$$\frac{55\,194 - 42\,556}{42\,556} \times 100$$

$= 12\,638$

$= 29{,}70\%$

2.1.2 Bereken die winsgrenspersentasie wat in **2022** behaal is.

$$\frac{78\,197}{42\,556} \times 100$$

$= 183{,}75\%$

2.1.3 Waarom moet die maatskappy op grond van die berekeninge hierbo bekommerd wees oor die verandering in verkope en koste van verkope?

Verkope het slegs met 10,56% toegeneem vergeleke met koste van verkope.
Winsgrens ↓ 41,87%
Toename in koste van verkope word nie geneutraliseer deur dieselfde toename in verkope nie (winsgrenspersentasie word geërodeer).

2.2 Stel DRIE maatreëls voor wat Sasol kan implementeer om die kwessies wat in Vraag 2.1 geïdentifiseer is, reg te stel. Hou in gedagte dat hulle grootliks 'n **vervaardigingsonderneming is**.

• Kry goedkoper verskaffers om direkte materiaalkoste te verminder
• Voer outomatisering in om direkte arbeidskoste te verminder
• Implementeer maatreëls om verkwisting te verminder
• Beheer fabrieksbokoste
• Skaalbesparings

IEB Copyright © 2024

2.3 Bereken die verdienste per aandeel (VPA) en dividende per aandeel (DPA) vir **2022**.

Verdienste per aandeel (VPA) $\frac{34\ 771\ 000\ 000}{288\ 371\ 336}$ OF 12 058 sent OF 12 057,72 sent $= R120{,}58$
Dividende per aandeel (DPA) $\frac{10\ 344\ 000\ 000}{288\ 371\ 336}$ OF 3 587 sent OF 3 587,04 sent $= R35{,}87$

2.4 2.4.1 Lewer kommentaar oor die maatskappy se dividendbeleid vir **2023** deur na die VPA, DPA en die effek op Behoue Inkomste te verwys.

Van die R53,59 wat verdien is, is R79,38 uitgekeer
R25,79 meer as wat verdien is **OF** 148,12% van wins is uitgekeer (3 punte)
Ekstra gedeelte is befonds uit behoue inkomste van vorige jaar

2.4.2 Waarom sou SASOL dit doen?

In 2022 het Sasol slegs 29,75% van wins aan aandeelhouers uitgekeer
en beloon hulle hierdie jaar met 'n groter dividend. **OF**
Vanweë laer wins en verdienste het direkteure probeer om aandeelhouers gelukkig te hou met hoër dividende.

2.5 Jou oom besit SASOL-aandele. Hy beweer dat die aandele ongeveer 70% van hul waarde oor die laaste finansiële jaar verloor het. Hy wil die aandele verkoop en eerder in RSA Kleinhandel-Spaareffekte belê.

Evalueer waarom hy sy SASOL-aandele **moet hou** en nie in RSA Kleinhandel-Spaareffekte moet belê nie.

Selfs al het ROSHE gedaal, is 100,46% opbrengs op belegging uitsonderlik
RSA-kleinhandelspaareffekte bied slegs 10,25% opbrengs
Dom, want hy sal 90,21% opbrengs misloop
Hy ontvang ook dividende op die aandele
OF
Maks 1: Indien SASOL-aandele aanhou om 70% te verloor, sal daar oor 3 jaar geen opbrengs wees nie, teenoor 10,25% op RSA-kleinhandelspaareffekte wat seker is.

IEB Copyright © 2024

2.6 Bereken die skuld-tot-ekwiteit-verhouding vir **2023**.

95 290 × [(100 – 30)/100] : 12 533 95 290 × 0,7 : 12 533 66 703 : 12 533 5,32 : 1

2.7 Lewer kommentaar oor die graad van finansiële risiko deur die skuld-tot-ekwiteit-verhouding van die maatskappy te ontleed.

Neem toe met 1,7 : 1 (van 3,62 : 1 tot 5,32 : 1)
Hulle skuld byna 5½ keer wat hulle besit **OF**
Maatskappy sal nie langtermynlening met ekwiteit kan dek nie **OF**
Uiters hoë risiko.

2.8 Evalueer met verwysing na risiko en hefboomfinansiering, waarom SASOL sal voortgaan om lenings te verkry in teenstelling met die uitreiking van meer aandele. Gebruik syfers/finansiële aanwysers (verhoudings) om jou redenasie te motiveer.

Opbrengs op kapitaal aangewend (ROCE) is 26,4%
Gemiddelde rentekoers op lenings is 15,2%
Maatskappy het positiewe hefboomwerking. (Om geld te leen verhoog risiko, maar opbrengs is positief)
Lenings is eindig, terwyl dividende aan aandeelhouers 'n lewensduur het (halfoneindig) **OF** Uitreiking van aandele in plaas van lenings sal huidige aandeelhouding verwater en daar is die moontlikheid dat dividende betaal sal moet word.

2.9 Ontleed waarom 'n paar aandeelhouers tevrede sal wees met hul belegging met die sluiting van verhandeling op die JSE aan die einde van die finansiële jaar (Junie 2023) ten spyte van die daling in die aandeleprys. Haal syfers/finansiële aanwysers (verhoudings) **<u>buiten</u> die Opbrengs op Aandeelhouersbelang** aan om jou antwoord te motiveer.

JSE-sluitingsprys is R233,26 (ten spyte van skerp daling sedert Junie 2022) maar steeds hoër as NBW van R43,46.
Verhandelingsprys is 5 keer hoër as die boekwaarde/steeds hoë vraag na aandele.
(Indien hulle in 2022 gekoop het en nou verkoop, sal hulle nie gelukkig wees nie.)

IEB Copyright © 2024

2.10 Gebruik die likiditeitsaanwysers wat voorsien word om die likiditeit van die maatskappy krities te ontleed en te evalueer.

Vergelyk en **ontleed** die likiditeitsaanwysers van 2022 en 2023 en maak voorstelle oor hoe hulle moontlik kan verbeter.

Vergelyk en ontleed 2022 en 2023:
Debiteure-invordering ↑ 11,6 dae
Krediteurebetaling ↓ 8,2 dae
Debiteure betaal nadat onderneming krediteure betaal het (5,4 dae wagtyd).
Skep negatiewe kontantvloei/impak op die likiditeitsiklus.
Voorraadhouding ↓ 39,8 dae
Voorraadomset is vinniger in 2023 (waarskynlik vanweë daling in winsgrens-persentasie).
Voorstelle ter verbetering:
Kry debiteure sover om vinniger te betaal (aansporings soos afslag en strawwe soos rente).
SASOL moet langer wag om krediteure te betaal sodat debiteure hulle skuld kan vereffen voordat krediteure betaal word.
Verminder voorraadvlakke verder.

IEB Copyright © 2024

2.11 Waarom sal artikel E jou **as aandeelhouer** bekommer? Verskaf DRIE redes.

• Besoedelingaantygings is slegte publisiteit wat JSE-prys negatief kan beïnvloed. **OF** Reputasieskade sal veroorsaak dat die aandeleprys selfs nog verder daal. (Aandeleprys)
• Maatskappy kan swaar boetes in die gesig staar indien hulle skuldig bevind word, wat tot minder verdienste en dividende sal lei. **OF** Boetes ten opsigte van die aanklagte sal 'n negatiewe impak op kontantvloei en wins hê (laer VPA sal tot laer DPA lei). **OF** Strydig met die drieledige vereiste (planeet) / King-kode / skending ten opsigte van bestuursbeheer, wat tot boetes/strawwe kan lei wat verdienste sal verminder. (Wins/Verdienste)
• Kommer oor hoe die maatskappy bestuur word. Planeetskade (bestuurs-beheer) en besoedeling van water waarvan mense en diere dalk afhanklik is (etiese oorwegings). (Etiek)

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3 BEGROTINGS

Verwys na die inligting aangaande SDC Toestelhandelaars.

3.1 Hieronder is die gedeeltelik voltooide krediteurebetalingskedule vir Februarie 2025.

Verkoopsmaand	Kredietaankope R	Januarie 2025 R	Februarie 2025 R
Desember 2024	386 100	77 220	
Januarie 2025	*3.1.2*	?	Moenie bereken nie
Februarie 2025	347 100		263 796
		Moenie optel nie	

3.1.1 Bereken die persentasie wat kredietaankope van totale aankope uitmaak.

$$\frac{386\,100}{594\,000} \times \frac{100}{1} = 65\%$$

3.1.2 Bereken die bedrag van die totale **krediet**aankope vir Januarie 2025.

$$792\,000 \times \frac{100}{160} = 495\,000 \; + 65\,000 \; = 560\,000 \times 65\% \; = 364\,000$$

3.1.3 Bereken die **bedrag** (randwaarde) afslag wat in Februarie 2025 ontvang is.

$$347\,100 \times 80\% \times 5\% = 13\,884$$

IEB Copyright © 2024

3.2 Bereken die ontbrekende syfers gemerk A–D in die Kontantbegroting.

A.	3 600 – 3 150 = 450 450 × 100/4,5 × 12 = 120 000
B.	347 100/0,65 = 534 000 **OF** 347 100 × 35/65 = 186 900 534 000 × 0,35 = 186 900
C.	146 610 – 39 000 = 120 610 120 610 ÷ 1,055 = 102 000
D.	24 000 × 36 = 864 000 864 000 × 20/80 = 216 000

3.3 SDC Toestelhandelaars wil hul bruto wins verhoog sonder om klante te verloor. Verskaf EEN voorstel oor hoe hulle dit kan doen sonder bykomende koste soos reklame. Hulle het in die verlede reeds probeer om goedkoper verskaffers te kry, maar was onsuksesvol.

Omdat hulle 40% goedkoper as mededingers is, kan hulle dalk hul winsgrens-persentasie verhoog sonder om klante aan mededingers te verloor.

3.4 Stavros is bekommerd oor die kontantsituasie van hierdie onderneming. Dit lyk asof die verkryging van 'n lening nie die kontantvloeiprobleem opgelos het nie.

Verduidelik VIER maniere waarop die onderneming die kontantvloeiposisie vir die begrotingstydperk Januarie 2025 tot Februarie 2025 kan verbeter afgesien daarvan om verdere fondse te leen of Stavros te vra om sy kapitaal te verhoog.

• Heronderhandel met debiteure om in dieselfde maand in te vorder.
• Moenie die vaste deposito herbelê nie.
• Heronderhandel met krediteure om betalingstydperk te verleng.
• Huur eerder 'n voertuig in plaas daarvan om een te koop.
• Vra die eienaar om trekkings te verminder.
• Moenie op hierdie stadium voorraad skenk nie.
• Moenie die twee nuwe personeellede aanstel nie.
Enige 4

IEB Copyright © 2024

3.5 Stavros het bevind dat sy grootste voorraadverliese in 2024 die gevolg was van tegnologiese vooruitgang en skade tydens verskeping/aflewering.

Hoe kan hy moontlik hierdie verliese in die jaar wat kom, verminder?

Tegnologiese vooruitgang: Koop kleiner hoeveelhede, sodat wanneer nuwer modelle verskyn jy nie met ou voorraad opgeskeep sit nie.
Vervoerskade: Gebruik sterker/beter verpakkingsmateriaal / beboet werkers wanneer skade tydens hul aflewering voorkom / ondersoek die gebruik van beter verskepingsmaatskappye / verkry versekering teen skade.

3.6 Stavros wil die idee bekend stel dat klante toestelle vir 'n tydperk huur, waarna dit hulle s'n word (huur-en-besit). Bestudeer die advertensie wat hy vir hierdie idee opgestel het soos in die Inligtingsboekie vertoon.

Evalueer die **finansiële lewensvatbaarheid** van hierdie idee krities deur die bepalings en voorwaardes van die advertensie te ontleed.

Kritiek oor die bepalings en voorwaardes genommer ❶:
• 8% is gelyk aan 4% p.j. wat laer is as inflasie- en rente- (prima) koerse.
• Huidige debiteure vereffen ten volle in die maand na die verkoopstransaksie vergeleke met 24 maande met huur om te besit.
• Groter risiko van oninbare skuld word ingevoer (tans word oninbare skuld afgeskryf).
• Indien kontrakbreuk plaasvind en toestel word teruggeneem, sal dit teen 'n verlaagde prys verkoop word en in hierdie geval sal die onderneming waarskynlik geld verloor.
Kritiek oor die bepalings en voorwaardes genommer ❷:
• Slytasie en brandstofkoste ten koste van die onderneming, aangesien dit as 'n gratis diens geadverteer word.
• Hierdie uitgawe moet dus ook deur die eenmalige fooi geneutraliseer word, wat beteken hierdie bepaling sal meer verliese as wins vir die onderneming veroorsaak.
• Hierdie bepaling is vaag, aangesien dit nie spesifiseer of dit onderdele insluit en of daar 'n perk is op hoe ver hulle sal reis om herstelwerk te doen nie.
Oorweeg ander geldige punte.

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2024